



Afrikaans

WEEK 10

MAANDAG

Graad 5

Die taalvrae wat volg is op die artikel gebaseer.
Lees dit vlugtig deur en beantwoord die vrae wat volg.



Hoe-hoe sê jy nou daar, buuman?

1. LONDON. – Met die ontdekking van twee broei-uile in 'n agterplaas in Devon, Suid-Engeland, was twee voëlkykers hier in die wolke! Toe die twee geveerdes boonop gereeld op hul nagtelike gehoe-hoe reageer, het dit die voëlvriende se knieë lam gemaak.
2. Neil Simmons, 'n rekenaarspesialis, het die uile elke nag dopgehou sedert hulle by 'n akkerboom op sy werf in Stokeinteignhead ingetrek het. Sy buurman, Fred Cornes, ook 'n nagvoëlkyker, was net so in sy skik met die twee uile met wie hy uilgesprekke kon voer.
4. Maar die storie het 'n stertjie. Ná 'n jaar se nagg gesprekke het dit mooitjies geblyk dat die skugter grootoë al die tyd tjoepstil was! Die twee mans het heeldyd oor en weer met mekaar gehoe-hoe, terwyl die uile rustig hul gang gegaan het.
5. Die twee buurvroue het die uildroom verpletter nadat hulle een middag aan die gesels geraak het oor hul mans se nagtelike bedrywighede ...




TAALLEER:

Vraag 1

1.1 Rangskik die volgende woorde in die blokkie hieronder in alfabetiese orde.

uilvere uilkos uiltjie uilhok uilboek uilklou uilbek uilfoto



Vraag 2

2.1 **Homonieme** is woorde wat dieselfde klink en gespel word, maar wat die betekenis van verskil.

Maak 'n ander sin met die onderstreepte word sodat dit 'n ander betekenis kan aandui.

2.1.1 Die twee buurmanne was baie opgewonde oor die twee uile.

2.1.2 Die vrouens voer 'n gesprek terwyl hulle tee drink.

2.1.3 Daar is nie veel oor van die gesoek na uile nie!

2.2 **Homofone** is woorde wat dieselfde klink, maar wat verskillend gespel word.

Kies die regte woord in hakies en skryf dit neer.

2.2.1 Die twee mans het baie (moet/moed) gehad om in die aande na uile te soek.

2.2.2 Dit (blyk/bleik) dat nie een van die mans weet hoe 'n regte uil klink nie!

2.2.3 Die mens het 'n hele jaar aan die soek van uile (gewei/gewy).

Vraag 3

3.1 Sinonieme is woorde met dieselfde betekenis.

Gebruik 'n woordeboek en skryf die sinonieme vir die onderstreepte woorde neer:

3.1.1 Neil Simmons is 'n rekenaarsspesialis.

3.1.2 Die twee mans se uildroom is verpletter.

3.2 Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis.

Skryf die antoniem van die onderstreepte woorde neer.

3.2.1 Neil Simmons en Fred Cornes is vriende.

3.2.2 Die mans het geduldig vir 'n jaar na uile gesoek.

3.2.3 Die mans het in hul uilsoekpoging geslaag.

Vraag 4

4.1 Skryf die volgende woorde oor en onderstreep net die **stam**.

4.1.1 ontdekking

4.1.2 geveerdes

4.1.3 buurvroue

Vraag 5

5.1 'n **Samestelling** is wanneer 'n woord uit twee (of meer) stamme bestaan, met geen voor- of agtervoegsel nie.

Watter van die woorde is 'n samestelling? Skryf net die woorde neer.

ontdekking rekenaarspesialis naguiltjie geveerdes verkykerlens
gesprekke buurmanne akkerboomblaar bedrywighede voëlkykers
nagtelike teetydkoek

POLFYNTJIES VIR DIE TONG

Vraag 1

1.1 Lees die onderstaande drie sinne deur.

**Twee voëlkykers het twee broeie-uile in 'n agterplaas ontdek.
Die twee geveerdes het op die nagtelike gehoe-hoe reageer.
Die twee buurvroue het die uildroom verpletter.**



- 1.1.1 Skryf die **hoofwerkwoord** van elke sin neer.
- 1.1.2 Watter **hulpwerkwoord** word in al drie sinne gebruik?
- 1.1.3 Skryf die drie sinne oor en gebruik die hulpwerkwoord **sal**.
- 1.1.4 Wat kom jy agter omtrent die tyd van die gegewe sinne en die sinne wat jy oorgeskryf het?

Deelwoorde is woorde wat van werkwoorde afgelei word en eindig op -ende of -end in die teenwoordige tyd.

Skryf die deelwoorde in hakies in hulle regte vorm neer.

- 1.2.1 Die twee (lag) buurvrou het oor hulle mans gesels.
- 1.2.2 Die twee (sit) buurmanne het elke aand na die uile gesoek.
- 1.2.3 Die man het (verlang) na die uil in die boom gesoek.
- 1.2.4 Die mans het 'n (brand) behoefte gehad om die uile te sien.
- 1.2.5 Die honde het die uile (blaf) weggejaag.
- 1.2.6 Die hartseer man het (huil) sy verkyker gebêre.



ANTWOORDE:

Vraag 1: uilvere uilkos uiltjie uilhok uilboek uiklou uilbek uilfoto

Vraag 2:

2.1.1 Die vrouens was elke middag hulle teekoppies. ✓

2.1.2 'n Mens kan muise vir 'n mak uil voer. ✓

2.1.3 Die man se oor jeuk die heeldyd terwyl hy na die uile soek. ✓

Vraag 3:

2.2.1 moed ✓

2.2.2 blyk ✓

2.2.3 gewy ✓



Vraag 3

3.1.1 **kenner** ✓ 3.1.2 **vernietig** ✓

3.2.1 **vyande** ✓ 3.2.2 **ongeduldig** ✓ 3.2.3 **misluk/gefaal** ✓

Vraag 4

4.1.1 **ontdekking** ✓

4.1.2 **geveerdes** ✓

4.1.3 **buurvroue** ✓

Vraag 5:

- **rekenaarspesialis** ✓
- **naguiltjie** ✓
- **verkykerlens** ✓
- **buurmanne** ✓
- **akkerboomblaar** ✓
- **voëlkykers** ✓
- **teetydkoek** ✓

POLFYNTJIES VIR DIE TONG: ANTWOORDE

1.1.1 ontdek ✓ reageer ✓ verpletter ✓

1.1.2 het ✓

1.1.3 Twee voëlkykers sal twee broeie-uile in 'n agterplaas ontdek. ✓

Die twee geveerdes sal op die nagtelike gehoe-hoe reageer. ✓

Die twee buurvroue sal die uildroom verpletter. ✓

1.1.4 Die sinne is eers in verlede geskryf, maar met sal is dit nou toekomstige tyd.

1.2.1 laggende ✓

1.2.2 sittende ✓

1.2.3 verlangend ✓

1.2.4 brandende ✓

1.2.5 blaffend ✓

1.2.6 huilend ✓